


# **Die Voortrekkers**



**OFFISIERSHANDLEIDING**

**vir**

**Penkoppe en Drawwertjies**

**in**

**Graad 0**

Uitgee deur:

**Die Voortrekkers,**

Posbus 12542, QUEENSWOOD, 0121

Kopiereg **Die Voortrekkers**

Eerste uitgawe, Eerste druk 2001

Tweede uitgawe, Eerste druk 2006

ISBN 1-874993-94-7

**INHOUD**

DIE GRAAD 0 KIND .....	4
1    Profiel van die kleiner kind.....	4
2    Behoeftes van die kleiner kind.....	5
3    riglyne .....	6
4    Voorbeeld van 'n dagprogram.....	7
INLYWING .....	8
1    Inlywingsvereistes.....	9
EK AS MENS .....	14
1    Tafelmaniere .....	14
2    Goeie “Praat”-maniere .....	14
3    Respek.....	15
4    Hulpvaardigheid .....	15
EK IN MY OMGEWING .....	17
1    Bewaring.....	17
2    Voëls in my Omgewing .....	17
3    Diere in my Omgewing.....	17
4    Plante in my Omgewing .....	18
5    Padveiligheid .....	18
6    Gevare.....	18
EK AS VOORTREKKER .....	20
1    My Span.....	20
2    Spannaam.....	21
3    Sang en Spele.....	21
4    Kampering .....	21
5    Handwerk.....	21
EK AS AFRIKANER .....	22
1    My Taal.....	22
2    My Godsdiens .....	22
3    My Geskiedenis .....	22
EK AS LANDSBURGER.....	23
1    Die Nasionale vlag.....	23
2    Ons Land se Mense.....	23
PROJEKTE .....	24
1    Paasfees.....	24
2    Take Tuis .....	24
3    Boomplant.....	25
4    Kersfees .....	25
BONUS BEDRYWE VIR BESIGE BUKSIES .....	26

Aan elke Spanoffisier

Baie welkom hier aan die begin van 'n opwindende jaar saam met jou span. Maak elke byeenkoms spesiaal, want dit is die kind se eerste ervaring van Voortrekkerwees.

Om die span suksesvol en gemaklik te kan hanteer, benodig jy die basiese kursusse en die volgende literatuur:

- *Offisiershandleiding vir Penkoppe en Drawwertjies in Graad 0.*
- *Penkop en Drawwertjie Werkboek vir Graad 0.* (een vir elke kind in jou span)
- *Ondersteuning vir Penkop en Drawwertjie Offisiere.* Hierdie boek kan jy van graad 0 tot graad 7 gebruik en met groot vrug selfs ook later.

Aan die einde van die jaar kan jeuglede wat die inhoud van die graad se werk suksesvol deurgewerk het, 'n wit graadwielkenteken kry. Hierdie kenteken word op die erkenningsbaadjie aangebring.

Sterkte en geniet jou span.

Nasionale Komitee vir Penkop- en Drawwertjiesake.

U het vanjaar 'n besondere geleentheid om te help bou aan 'n medemens en te vorm aan 'n burger van ons land. Baie voorspoed met u taak. Ons vertrou dat u aan die einde van die jaar na vele hoogtepunte sal kan terugkyk.

**Mag ek die rede wees dat 'n kind sal sê:**

**My erfenis is vir my mooi.**

Met dank en erkenning vir die samestelling en afronding van hierdie boeke aan:

*Nell Smith, Maatjie Greyling,  
Magriet Venter, Magriet Venter, Nell Smith, Maatjie Greyling,*

## **DIE GRAAD 0 KIND**

### **1 PROFIEL VAN DIE KLEINER KIND**

Klein kinders is fassinerende wesens. Hulle is innemend, besig, kreatief, onvoorspelbaar, hulpbehoewend en baie emosioneel. Hulle openbaar ook 'n groot verskeidenheid van gedragswyses. Daar is die gelukkige kind wat hardloop, klim en spring met 'n glimlag op die gesiggie. Die kwaai, koppige en uittartende kind gryp 'n speelding by 'n ander kind en hardloop weg. Dan is daar die vlytige kleinding wat in doodse erns 'n legkaart sit en bou.

Die suksesvolle en effektiewe offisier vir hierdie kind, is die offisier wat kennis dra van die gedragswyses, sowel as die behoeftes en drange van die kind. Die offisier behoort te poog om die opvoedingsinhoude by die kind se behoeftes, wense, begeertes en drange te laat aansluit.

#### **KOGNITIEWE ONTWIKKELING**

Uiters weetgierig, hou nooit op vrae vra nie. Hou van stories oor sterk en magtige mense soos Simson of Superman.

#### **EMOSIONELE ONTWIKKELING**

Is emosioneel meer beheersd en oor die algemeen stabiel. Vol selfvertroue. Spog graag. Is trots op dit wat hy bereik en geskep het. Voel veilig binne die beperkinge wat reëls op hom lê. Kan homself handhaaf in die afwesigheid van sy moeder. Kan al in geringe mate sy eie besluite neem.

#### **SOSIALE ONTWIKKELING**

Tevrede om vir lang tydperke alleen te speel, maar speel ook met ander kinders. Geniet fantasiespel. Verkies kompetisiespele bo spanspele. Groepspele benodig volwassenes om te arbitreer. Baie afhanklik van volwassenes se goedkeuring.

#### **SEDELIK-NORMATIEWE ONTWIKKELING**

Begin tussen goed en kwaad onderskei. Wat reg en verkeerd is, word grootliks bepaal deur die beloningswaarde wat optrede inhou. Ander se wense en behoeftes speel 'n rol op die basis van "uitruiling" van gunste. Beoordeel homself en ander aan die hand van ouers se norme. Net voor skooltoetreding ontwikkel 'n redelike sin van verantwoordelikheid, selfstandigheid en hoflikheidsgewoontes. Pligsbesef, waardering en respek vir ander mense en die natuur ontwikkel geleidelik. Skuldbesef ontwikkel; kind vra om verskoning vir oortredings. Leer om gedrag te beheer.

#### **GROOT MOTORIESE VAARDIGHEID**

Kan 'n bal skop terwyl hy hardloop. Vang 'n bal redelik goed. Rats en energiek, hou van vinnig bewegende speelgoed en speletjies. Raak tone met reguit bene. Groter beheer oor liggaamsaktiwiteite. Begin verskillende vaardighede met gemak beheer. Trek self aan en uit. Beheer oor grootspiere is nog beter as oor fyn spiere. Hou daarvan om te klim. Gebruik alternerende voete wanneer trappe geklim word.

#### **FYN MOTORIESE VAARDIGHEDE**

Kan 'n kruis, sirkel en vierkant nateken. Kan 'n potlood hanteer. Fynspierkoördinasie begin verfynd raak. Teken mense, huise, vliegtuie en voertuie herkenbaar. Knip met groot gemak prente uit. Gebruik hande meer as arms in die vangaksie.

## 2 BEHOEFTE VAN DIE KLEINER KIND

Dit is uiters belangrik dat die offisier moet let op die **liggaamlike en geestelike** behoeftes wat die kind voortdryf. (Gordon en Browne, Avenant).

Liggaamlike behoeftes is onder andere voedsel, kleding, ontspanning en die regte temperatuur. 'n Groot hoeveelheid van die gedragsprobleme wat kinders soms openbaar, kan direk toegeskryf word aan gebrekkige voorsiening in liggaamlike behoeftes. 'n Kind kan byvoorbeeld aggressief wees as gevolg van 'n behoefte aan rus of voedsel, of hy is kiewelrig omdat hy koud kry.

Net soos die liggaamlike behoeftes soos voedsel en kleding het die kind ook geestelike behoeftes waarin voorsien moet word. Gebrekkige voorsiening hierin lei tot gedragsaanpassings soos die kind wat nie op aanvaarbare wyse sukses behaal nie en dan op onaanvaarbare wyse sy maats byt of slaan om aandag te trek.

### DIE VERNAAMSTE GEESTELIKE BEHOEFTE IS:

#### ➤ **Behoeftes aan aanvaarding**

Omdat niemand graag verwerp wil word nie, doen die kind soms onaanvaarbare dinge wanneer hy voel dat hy nie aanvaar word nie. Straf sal die behoefte eerder vergroot. Laat hom veilig en geborge voel deur vriendelik te wees, hom geleentheid tot sukses te bied, sy goeie eienskappe te loof, verantwoordelikhede aan hom op te dra, en hom te help om selfstandiger op te tree.

#### ➤ **Behoeftes aan liefde**

Almal, maar veral die kleiner kind het 'n behoefte aan liefde. Die outjie wat verstote voel, sal op 'n manier probeer om aandag van volwassenes of maats af te dwing deur gedrag soos witvoetjie soek, lastigheid, huilerigheid of selfs deur te boelie.

#### ➤ **Behoeftes aan sukses**

Dit is vir elke kind belangrik om op die een of ander wyse sukses te behaal. Wanneer die offisier vind dat wangedrag openbaar word weens 'n behoefte aan sukses, moet die kind stap vir stap gehelp word om op aanvaarbare gebiede sukses te behaal. Bou sy selfvertroue op, wees positief, praat hom moed in en gee aan hom selfstandigheid in sekere takies.

#### ➤ **Behoeftes aan sekuriteit**

Dit is vir alle kinders belangrik om veiligheid, geborgenheid en sekuriteit te belewe. Indien die klein kind onseker voel of aan stres onderwerp word, mag hy veiligheid verkry in negatiewe gedragsvorme, soos regressie (huilerigheid, duimsuig of enurese), ipekonders (ongegronde klaerigheid) of projeksie (pak die skuld op ander). Hierdie probleme kan slegs aangepak word indien die offisier en die ouers saamwerk om die nodige aandag aan die kind te gee, fisies betrokke by die kind te wees en aan hom 'n veilige, geborge leefruimte bied.

#### ➤ **Behoeftes aan simpatie**

Elke kind wil begrip van ander hê en simpatieke behandeling ontvang. Klein kinders voel soms onbewustelik dat die eise wat aan hulle gestel word te hoog is, en kry dan maklik "seer" om die spanning te ontlaai.

### DRANGE VAN DIE KLEINER KIND

Dit is net natuurlik dat die kind spontaan aandag gee aan die dinge wat verband hou met sy drange. Enigiets wat met speelgoed, bouery, avontuur of geheimsinnigheid verband hou, trek gou hulle aandag. Die vernaamste drange is:

Speel	Avontuur	Destruksie	Nuuskerigheid
Konstruksie	Versamel	Selfgeding	

**Hou hierdie dinge in gedagte by die beplanning van u aanbieding.**

**Bibliografie**

De Witt, M.W. en Booyesen, M.I. 1994. Die klein kind in fokus. Eerste druk. Pretoria Acacia Books, Gelitografeer en gebind deur Nasionale Boekdrukkery, Goodwood.

**3 RIGLYNE**

- Basiese riglyne of programprykkels, vir elke onderafdeling, word in die handleiding beskryf.
- Eie inisiatief en kreatiwiteit van die offisier word baie sterk aangemoedig.
- Onderwerpe vir die voorgeskrewe werk is so gekies dat sekere aspekte slegs ontdek word en dat vooruitloop van latere werk sover as moontlik uitgeskakel word.

**GEE WEEKLIKS AANDAG AAN:**

- Spangees.
- Sing lekker liedjies, verkieslik met bewegings.
- Speel speletjies met baie beweging.
- Die simbole moet altyd sigbaar wees, naamlik die vlag en die wapen.
- Weef vaderlandsliefde dwarsdeur elke Voortrekkerdag se aktiwiteite in.
- Open elke spandag met skriflesing en gebed.
- Maak 'n groot gebeurtenis van elke kind se verjaarsdag.
- Hou een groot nuusboek oor elkeen in die span se lief en leed.
- Neem die kinders gereeld vir uitstappies in die natuur om alles self waar te neem.
- Alles moet spelenderwys behandel en aangeleer word.
- Kreatiwiteit moet 'n baie hoë prioriteit geniet. Probeer elke week 'n skeppende aktiwiteit aanbied of sorg dat hulle iets maak om huis toe te neem.
- Elke span moet sy eie spanlied en kreet hê wat verkieslik by elke byeenkoms gesing en geskree word ('n maklike bekende wysie met toepaslike woorde).
- Oefen weekliks die drilbewegings.

#### 4 VOORBEELD VAN 'N DAGPROGRAM

1. Open met skriflesing en gebed.
2. Sê die belofte saam met die offisier op.
3. Hou register (laat die kind byvoorbeeld 'n stempel langs sy eie naam druk).
4. Lief en leed - verneem na welstand van gesinne, wens verjaarsdagsmaatjie geluk (plak 'n sterretjie op sy kop / sit 'n kroon op sy kop / maak 'n ophef van hom).
5. Leer 'n spanlied aan (baie eenvoudig bekende wysie - verander woorde).
6. Gee meer aandag aan die praktiese werk (plakwerk, inkleurwerk, vingerverf, bak en brou). Teorie behoort nie meer as 10 minute te neem nie.
7. Speel 'n speletjie.
8. Deel briefies aan ouers oor uitstappies en ander inligting vroegtydig uit.
9. Sluit af deur soveel as moontlik van die spanlede 'n kans te gee om met gebed af te sluit. Aanvanklik sal hulle nie wil nie, maar hulle sal dit baie gou aanleer en dit graag wil doen.

#### VOORGESTELDE INDELING

<p><b>KWARTAAL 1</b></p> <p>Inlywingsvereistes</p> <p>Ek as mens      Tafelmaniere</p> <p>                            “Praat”-maniere</p> <p>                            Respek</p> <p>                            Hulpvaardigheid</p> <p>Projek              Paasfees</p>	<p><b>KWARTAAL 2</b></p> <p>Ek as Voortrekker      My Span</p> <p>                                    Spanembleem</p> <p>                                    Kampering</p> <p>Ek as landsburger      Die Nasionale vlag</p> <p>                                    My land se mense</p> <p>Projek                      Take tuis</p>
<p><b>KWARTAAL 3</b></p> <p>Ek in my omgewing      Bewaring</p> <p>                                    Voëls in my omgewing</p> <p>                                    Diere in my omgewing</p> <p>                                    Padveiligheid</p> <p>                                    Gevare</p> <p>Projek                      Boomplantgeleentheid</p>	<p><b>KWARTAAL 4</b></p> <p>Ek as Afrikaner              My Taal</p> <p>                                    My Godsdienst</p> <p>                                    My Geskiedenis</p> <p>Projekte                      Kersfees</p>

Elkeen van hierdie afdelings behoort oor meer as een spanvergadering aangebied te word.



## INLYWING

Dié groepie is almal nuweling. 'n Paar sake moet spoedig en korrek afgehandel word. Lede kan dwarsdeur die jaar aansluit alhoewel die begin van die jaar meer wenslik is.

### Taak van die Offisier

- Deurgee van die nodige inligting aan ouers.
- Uitgee van en ontvang van registrasievorms.
- Toesien dat jeuglid geregistreer word.
- Toesien dat jeuglid ledegeld betaal.

### Taak van die Ouer

- Vergewis homself van wie en wat *Die Voortrekkers* is.
- Korrekte voltooiing van die registrasievorm.
- Betaal van die voorgeskrewe gelde.
- Meelewing en ondersteuning aan span en kommando.

### Inligting vir die afhandeling van bogenoemde

**Registrasie** as lid van die Beweging: Registrasie geskied deurdat elke voornemende Voortrekker by die betrokke gebiedskantoor geregistreer word voordat hy aan Voortrekkeraktiwiteite mag deelneem.

Elke ouer of voog moet die voorgeskrewe vorm voltooi en saam met die ledegeld aan die kommando terugbesorg. Die kommandodagbestuur moet sorg dat die registrasie plaasvind en die offisier se taak is eers afgehandel wanneer die registrasienommer terug ontvang is.

**Voortrekkerdrag:** Om eenvormigheid binne die Beweging te skep, is 'n voorgeskrewe drag vir alle lede nodig. Die Penkop en Drawwertjie dra 'n rooi, wit of blou gholfhemp met die geborduurde wapen, met 'n blou broek/romp, verkieslik van 'n denim materiaal.

As formele drag word die erkenningsbaadjie, waarop die kentekens aangewerk word, bo-oor die hempie gedra.

Inligting wat aan die ouers deurgegee moet word: Maak die nodige hoeveelheid afskrifte van die volgende of gebruik soortgelyke vorms wat deur u kommando verskaf word om die inligting aan die ouers te gee.

<b>Kommandonaam:</b>	<b>Spannaam:</b>
Adres	Offisier
Telefoon	Telefoon
Kommandoleier	<b>Spanbyeenkoms:</b>
Telefoon	Plek
	Tyd
<b>Koste van:</b>	<b>Kampe:</b>
Ledegeld per jaar	Spankamp
Betaalbaar teen	Kommandokamp
Gholfhemp	Oordkamp
Erkenningsbaadjie	Gebiedskamp
Kentekens	Uitstappies
Werkboek	Ander

**Inlywings geleentheid:**

Elke nuwe Penkop en Drawwertjie word tydens 'n amptelike geleentheid, wat normaalweg deur die kommando gereël word, ingelyf. Iets spesiaals moet van die geleentheid gemaak word en dit moenie as 'n lastige formaliteit afgehandel word nie. Die inlywing kan dalk bepalend wees hoe lank die jeuglid 'n Voortrekker sal bly.

Die ouers moet na die geleentheid uitgenooi word waartydens die nuwe jeuglid die belofte hardop aflê omdat hy graag 'n Voortrekker wil wees. Al die aanwesige Voortrekkers is in formele Voortrekkerdrag. Die aflê van die belofte is **altyd** 'n plegtige, formele geleentheid. 'n Spesiale persoon soos die Gebiedsleier, Oordleier, Kommandoleier of 'n Erelid neem die plegtigheid waar.

Die nuweling moet aan die volgende **inlywingsvereistes** voldoen:

1. Die belofte ken (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees.
2. Ledegeld betaal het.
3. Die Voortrekkerwapen herken.
4. Die Voortrekkervlag herken.
5. Die korrekte Voortrekkerdrag besit en dra.
6. Basiese drilbewegings naamlik: aandag en op die plek rus kan uitvoer.

## 1 INLYWINGSVEREISTES

### 1.1 DIE BELOFTE

#### **My Belofte**

Ek sal oral en altyd probeer om 'n Voortrekker te wees,  
om gehoorsaam te wees,  
om my volk, my land en my medemens te dien  
en bo alles die Here lief te hê.

#### Wat is 'n Belofte?

'n Belofte is 'n versekering (kontrak) om te doen wat ek gesê het, want my woord is my eer.

'n Belofte moenie ligtelik gemaak word nie, want mens breek nie 'n belofte nie.

Wanneer 'n mens inwillig om iets te doen of by te dra tot iets, dan behoort jy ook bereid te wees om 'n belofte af te lê.

In die latere lewe word daar ook beloftes afgelê soos byvoorbeeld by belydenisaflegging in die kerk, die troubelofte en die doopbelofte. Beloftes aan meerderes, gelykes en minderes is ewe belangrik.

#### **AANBIEDING**

*Probeer om die begrip tuis te bring deur middel van 'n storie, 'n poppekas of selfs 'n opvoering deur 'n ouer span.*

*'n Belofte moet nagekom word al word dit aan wie ook al gemaak. Daarom moet 'n mens baie seker wees voordat 'n belofte afgelê word.*

Wat beteken die belofte?

Ek sal	gemotiveerd om iets te wil doen
oral	op enige plek
altyd	aanhoudend
probeer	al gaan ek dit nie die eerste keer regkry nie
'n Voortrekker te wees	alles te doen wat van my as Voortrekker verwag word
gehoorsaam	te luister sonder redekawel
my volk	die mense wat net soos ek leef, dink en doen
my land	die plek waar ek woon en sy mense
my medemens	die mense rondom my
te dien	om te gee vir ander en te help
bo alles	die belangrikste
die Here lief te hê	om aan Hom gehoorsaam en getrou te wees

Die Penkop en Drawwertjie moet die belofte ken en verstaan (soos dit van sy ouderdomsvlak verwag kan word) en dit tydens die inlywing kan opsê of agterna sê as 'n offisier dit voorlees. Terwyl die belofte afgelê word, moet die saluut geneem word. Die aflê van die belofte is altyd 'n plegtige formele geleentheid. Die Penkoppe en Drawwertjies hou van aandag en moet op 'n plek ingelyf word waar hulle gesien kan word.

Wat doen jy met die Penkop en Drawwertjebelofte?

Die belofte word nie net eenmalig gebruik om die Penkop en Drawwertjie ingelyf te kry nie, maar moet voortdurend "gebruik" word, byvoorbeeld:

- Dit kan aan die begin of einde van 'n spanbyeenkoms voorgelees word.
- Die span kan dit saam opsê nadat spangodsdiens gehou is.
- Die belofte en spanlied behoort 'n inskrywing op elke byeenkoms se program te wees.
- Laat die Penkop en Drawwertjie, na sy inlywing, op die werksblad aanteken wanneer, deur wie en waar hy ingelyf is.

**AANBIEDING**

1. *Om die belofte bloot woord vir woord te leer, mag aan die skool herinner. Lees dit vir die eerste paar byeenkomste gereeld aan die spanlede voor, sodat hulle daaraan gewoond kan raak. Breek dit dan in sinsnedes op en skryf dit op karton neer. Laat die span die belofte stuk vir stuk aanleer en plak dit op die muur in die spankamer soos die span vorder.*
2. *Moenie alles tydens een geleentheid behandel nie, maar behandel die betekenis soos die belofte aangeleer word. Dit sal van u afhang of die belofte 'n "lewenswyse" gaan word. Herinner die spanlede gedurig aan wat hulle beloof het om sodoende koers aan hulle in die lewe te gee.*
3. *Gee aan die Penkop en Drawwertjie ook geleentheid om te sê hoe hy die betekenis van die belofte sien, stel reg waar nodig, maar luister fyn na wat die kind sê en hoe hy dit sien. Dit kan dalk aantoon hoe jy moet optree om die regte leiding te gee.*

## 1.2 DIE VOORTREKKERWAPEN

### Hoe lyk die Voortrekkerwapen?


Die wapen bestaan uit die voorwiel van 'n kakebeenwa, 'n brandende fakkel en die leuse van *Die Voortrekkers* onderaan, naamlik "HOU KOERS". Die rooi, wit en blou van die Voortrekkervlag is ook die kleure van die wapen.



### AANBIEDING

1. Wys hulle waar die wapen op die formele Voortrekkerdrag voorkom.
2. Laat die Penkoppe en Drawwertjies die Voortrekkerwapen herken.

## 1.3 DIE VOORTREKKERVLAG




### AANBIEDING

1. Wys hoe die vlag lyk. Laat die spanlede die vlag hanteer en self die verskillende kleure en dele uitwys.
2. Wys hoe die vlag aan die paal hang en laat hulle self oplet watter kleur bo is.

## 1.4 VOORTREKKERDRAG

Die volgende kentekens moet voor inlywing op die nuweling se erkenningsbaadjie aangebring wees.



**Vir inlywing is formele drag 'n vereiste.**

## 1.5 BASIESE DRILBEWEGINGS

### Aandag.

Die bevel klink so: "A--a--n-dag"

Die "aan" gedeelte laat jou luister, op die "dag" gedeelte word die volgende beweging uitgevoer:

- Hou die regtervoet stil en die regterknie reguit.
- Sit jou linkervoet flink langs jou regtervoet neer.
- Almal se voete kom presies gelyktydig op die grond neer sonder **om dit te stamp**.
- Die arms beweeg gelyktydig na die sye.
- Die gewig is nou op albei voete.
- Die vingers is gebuig maar nie gebal nie.
- Die houding:
  - Liggaam is regop.
  - Kop regop en kyk reguit vorentoe.
  - Skouers is nie opgetrek nie maar effe na agter en die bors stoot natuurlik uit.
  - Die arms hang reguit van die skouers af.
  - Elmoë is teen die sye en die gewrigte is reguit.



Die "aandag" posisie word gebruik waar 'n groep netjies moet aantree en/of respek moet betoon.

### Op die plek rus

Die bevel klink so: "Op die pl--e--k rus"

- Hou die regtervoet stil en die regterbeen reguit.
- Sit die linkervoet 'n entjie van die regtervoet af neer.
- Die gewig is op albei voete.
- Almal se voete kom gelyktydig op die grond neer sonder om te stamp.
- Saam met die voete beweeg die hande met die kortste pad na agter die rug.
- Die agterkant van die regterhand lê in die palm van die linkerhand en die regterduim is oor die linkerduim gekruis.
- Die houding is nou:
  - Die arms is gestrek agter die rug en die bene is reguit.
  - Die tone is effe na buite gedraai.
  - Kop regop en kyk vorentoe.
  - Die liggaam is nog steeds gestrek en flink.



"Op die plek rus" word gebruik om die groep tydens 'n seremonie gemaklik maar tog netjies te laat staan.

Aangesien die ontvang en die uitvoer van bevels vir die nuweling vreemd is, moet die basiese bewegings vir hom aangeleer word voordat hy ingelyf word.

## EK AS MENS

### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak dat sy optrede ander om hom raak, net soos ander se optrede hom ook raak.

### INHOUD

1. Tafelmaniere
  2. “Praat”-maniere
  3. Respek
  4. Hulpvaardigheid
- 

Goeie maniere is die fondament van ‘n beskaafde samelewing en daarom is dit nodig dat die kind ook buite sy ouerhuis geleer word wat goeie maniere is. Hierdie is nie ‘n taak wat as afgehandel beskou kan word na een spanvergadering nie, maar deur die jaar moet aandag daaraan gegee word.

## 1 TAFELMANIERE

As gevolg van die gejaagde lewe van vandag, geniet min gesinne hul maaltye saam en nog minder saam om ‘n etenstafel. Ook hier kan ons ‘n bydrae lewer om die kind op te voed en as mens af te rond.

Gee veral aandag aan:

- Hantering van eetgerei
- Inskep van kos
- Gesprek aan die tafel
- Tafelgebed
- Wat doen ek wanneer ek klaar geëet het.

### AANBIEDING

*Hou ‘n spanete om toe te pas wat geleer is.*

## 2 GOEIE “PRAAT”-MANIERE

Ons lewe bestaan uit kommunikasie met mense om ons. Die manier waarop ons mense aanspreek sal bepaal hoe hulle teenoor ons sal optree, wat hul van ons dink en hoe hulle ons opdragte gaan uitvoer.

Die manier waarop ander jou aanspreek, bepaal ook in ‘n groot mate jou optrede en reaksie teenoor hulle.

### AANBIEDING

3. *U kan tydens ‘n spanbyeenkoms oor die saak gesels maar dit is nie dan afgehandel nie. Deur die jaar sal by elke byeenkoms aandag aan die saak gegee moet word. Wys die kinders deurentyd op hul positiewe en negatiewe optrede wanneer hulle met ander praat. Gesels onder andere oor:*

- *Hoe ‘n kind ‘n volwassene antwoord*
  - *Hoe jy ‘n vraag wat aan jou gestel is beantwoord*
  - *Wat jy doen as jy nie duidelik gehoor het nie*
-

- *Moenie ander in die rede val nie*
- *Moenie 'n gesprek oorheers nie*
- *Hoe beantwoord jy 'n telefoon en 'n voordeur*

4. *Motiverings om "reg" te praat kan in die vorm van A4 grootte plakkate in die spankamer teen die mure aangebring word om hul voortdurend daaraan te herinner.*
5. *Wees bedag op alle gesprekke tydens spanbyeenkomste en maak die nodige regstellings.*
6. *Gee die kinders tydens spanbyeenkomste geleentheid om mekaar se aandag op bogenoemde te vestig.*

### 3 RESPEK

Baie van vandag se kinders het vir niks respek nie. Die redes hiervoor is legio en ons hoef dit nie eers te beredeneer nie. Die doel hier is om die kind te leer wat eerbied en respek is.

Dit is ook nodig dat die spanlede verstaan waarom jy respek moet hê vir jou en jou ouers se eiendom en ook vir ander mense en hulle eiendom.

Dit is u as spanoffisier se voorreg en plig om die kinders se aandag gedurig daarop te vestig, want ons het hier 'n opvoedingsgeleentheid wat in ons skole en huise nie altyd meer die nodige aandag kry nie. Hou ook in gedagte dat hierdie kinders na-apers is en dat u voorbeeld baie belangrik is.

Gee veral aandag aan:

- Hantering van jou eie klere en speelgoed.
- Hantering van ander se klere en speelgoed.
- Hantering van meubels en toerusting van jou ouers.
- Hantering van skooltoerusting.

#### AANBIEDING

1. *Hou tydens 'n spanbyeenkoms 'n bespreking oor respek.*
2. *Leer die kinders dat respek my 'n ryker mens maak. Indien ek respek aan ander betoon, sal hulle my ook respekteer.*
3. *Maak die kinders tydens spanbyeenkomste, uitstappies en kampe voortdurend bewus van die korrekte optrede.*

Onthou: **Respek en eerbied loop hand aan hand.**

### 4 HULPVAARDIGHEID

Die gebruik dat kinders in die huis met takies moet help om so hul sakgeld te verdien, leer hulle al van kleins af om geld te kry vir alles wat hulle doen. **Die gebruik staan lynreg teenoor hulpvaardigheid.** Daarom is dit nodig dat u 'n duidelike lyn trek tussen hierdie twee sake. Nie een is verkeerd nie - albei is nodig.

Let tydens spanbyeenkomste op na die volgende:

- Help kinders jou om goed na en van die spanbyeenkoms aan te dra?
- Bied hulle aan om skoon te maak?
- Voer hulle jou opdragte om te help sonder gemor uit?



- Help hulle mekaar waar nodig?

U kan nog verskeie geleenthede op kampe gebruik om hulpvaardigheid aan te moedig.

Spreek spanlede aan wat byvoorbeeld sien dat 'n offisier die spankamer, kombuis of slaapplek vee en nie hulp aanbied nie.

U kan ook die ouers vra om u hiermee te help. **Moenie vergeet om kinders te prys vir korrekte optredes nie.**

Leer die kinders dat dit lekker is om ander te help.

Gee veral aandag aan:

- Waarom moet ek hulpvaardig wees?
- Hoe kan ek by die huis help?
- Hulpvaardigheid hoef nie altyd beloon te word nie.

Betrek die ouers deur hulle te vra om kwartaalliks verslag te doen oor die take waarmee die kind tuis gehelp het.

Hulpvaardigheid is meer as die normale take.

## EK IN MY OMGEWING

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die skepping van God en die noodsaaklikheid om dit te bewaar.
2. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van voëls, diere en plante in hulle omgewing.
3. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die gevare en die veilige gebruik van die pad.
4. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van gevare in en om die huis asook waar om hulp te kry.

### INHOUD

1. Bewaring
  2. Voëls in my omgewing
  3. Diere in my omgewing
  4. Plante
  5. Padveiligheid
  6. Gevare
- 

## 1 BEWARING

- Maak seker dat die kinders volgens Genesis 1:28 weet dat bewaring 'n opdrag van God is.
- Wys die kinders op die nadeel van rommelstrooi - plastiese sakke versmoor diere en diere gaan dood as hulle dit eet.
- Wys die kinders op die nadeel van veldbrande: die diere wat doodbrand en die beskadiging van veld.
- Maak die kinders bewus van hulle plig om die omgewing te bewaar en laat hulle self 'n aandeel daaraan hê deur byvoorbeeld 'n boom te plant of tuin te maak. Laat hulle self die nasorg doen.
- Reël om op die rugbyveld, sypaadjie van die skool of in iemand se tuin bossies uit te trek.

## 2 VOËLS IN MY OMGEWING

- Bring 'n besoek aan 'n voëlpark of 'n veldgebied. Gee die kinders die geleentheid om voëls in die natuur waar te neem en leer hulle om stil te wees en nie die voëls te verjaag nie.
- Gesels met die kinders oor die voëls wat in hulle werkboek voorkom.
- Terwyl julle in die veld is, kan julle gerus 'n paar vere optel en dit in die werkboek plak.
- Vertel van ons nasionale voël - die Bloukraanvoël.

## 3 DIERE IN MY OMGEWING

- Besoek 'n wildduin of dieretuin of kyk as span na 'n video/DVD oor Suid-Afrikaanse wilde diere.
- Bespreek die versorging en behoeftes soos kos, water, skuiling en vyande van diere.
- Laat die kinders in hulle werkboek, die prente van diere wat hulle ken, inkleur.

- Maak die kinders bewus van die wonderlike verskeidenheid van diere, voëls, reptiele en insekte in ons land en vertel van ons nasionale dier - die Springbok.
- Bring weereens die “bewaringsopdrag” van die Bybel by die kind tuis.

#### 4 PLANTE IN MY OMGEWING

- Bring 'n besoek aan 'n veldgebied. Gee die kinders die geleentheid om aan verskillende plante te voel en ruik.
- Wys verskillende blaarvorme uit en meld dat party plante minder water as ander benodig.
- Vertel van ons nasionale blom – die Koningsprotea of Reuse protea.

#### 5 PADVEILIGHEID

- Hou 'n mini fietsrymarathon. Bepaal 'n geskikte terrein en nooi die mamma's en pappa's uit. Die ouers beman die waterpunte en die noodhulppunte en moedig die kinders aan.
- Bestel die boek en prente *Padveiligheidsopvoeding in die kleuterskool* vanaf  
Die Nasionale Verkeersveiligheidsraad

Privaatsak X147

Pretoria

**Prentbesprekings is uiters belangrik.  
Dit leer die kind om abstrak te dink.**

- Kry ook die Daantjie Kat video en skerp padveiligheid verder in.
- Leer spelenderwys die vernaamste padtekens aan deur prente of modelle sigbaar op te stel. Paadjies op die grond, speelgoedmotors en 'n “verkeersman” kan dié afdeling baie aangenaam maak.
- Kry ook legkaarte van die Nasionale Padveiligheid by bogenoemde adres of maak jou eie legkaart deur prente op karton te plak en dit dan op te sny.
- Onderneem 'n uitstappie deur die dorp saam met 'n verkeerskonstabel en bespreek die korrekte gebruik van die pad en padtekens.
- Speel die speletjie in die werkboek. Vergroot dit na 'n A3 om makliker te speel.
- Leer eenvoudige rympies en liedjies aan wat op padveiligheid betrekking het. Byvoorbeeld: ”Ek ry in my rooi motortjie...”
- Leer die kinders waar en hoe om 'n pad veilig oor te steek.

#### 6 GEVARE

- Waarsku die kinders om nie self medisyne of enige pille te drink nie. Gebruik slegs die medisyne wat mamma, pappa of die dokter vir jou gee. Wys op die gevare van huishoudelike middels soos paraffien, bleikmiddels, terpentyn, swembadsuur.
- Verduidelik die gevare van elektrisiteit en water.
- Maak die kind bewus van hulle eie veiligheid op straat en by die huis
  - ❖ Moet nooit vreemdelinge in die huis toelaat sonder pappa of mamma se teenwoordigheid of toestemming nie.

- ❖ Moet nooit by vreemdelinge in 'n motor klim nie.
- ❖ Moet nooit lekkers of eetgoed by vreemdelinge neem nie.
- ❖ As iemand aan jou liggaam vat, waar en hoe(waar jou kostuum toemaak) en dit jou ongemaklik laat voel, moet jy dit dadelik vertel vir 'n persoon wat jy vertrou (nie noodwendig mamma of pappa nie). Kry ook so 'n persoon om ALLE *geheime* mee te deel.
- ❖ Moenie alleen in die straat loop nie en veral nooit as dit reeds donker is nie.
- Kontak die kinderbeskermingseenheid van die polisie vir 'n praatjie en demonstrasie.
- Maak hulle bewus van die rol wat die polisie speel.
- Gesels oor die prent hier onder. Voer ook gesprek oor die prente in die werkboek.



### Gevare tuis

U kan hierdie prent vergroot, inkleur, lamineer en as hulpmiddel gebruik tydens die aanbieding.

## EK AS VOORTREKKER

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie aan die spanstelsel binne die Voortrekkers bekend te stel.
2. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van sang en spel te laat ervaar.
3. Om die Penkop en Drawwertjie sy eerste kamp sonder sy ouers te laat beleef.
4. Om die Penkop en Drawwertjie die genot van skep te laat ervaar.

### INHOUD

1. My Span
  2. Ons Spannaam
  3. Sang en spele
  4. Kampering
  5. Handwerk
- 

## 1 MY SPAN

### SPANSEMENT.

Hier is 'n paar wenke om u te help om die span 'n hegte groep te laat vorm.

- Kies 'n **spannaam** wat by die kind se ouderdom pas (geskik vir seuns en dogters). Kry 'n lys van spanname waarvoor kentekens by die Voortrekkerdepot beskikbaar is by u kommando se sekretaresse.
- Leer 'n maklike **spanlied** aan (verander die woorde van 'n bekende liedjie). Fotostateer hul spanlied vir hulle en plak dit in hulle boek. Mamma kan dan help as hulle vashaak wanneer die kind dit vir haar wil sing.
- Neem 'n **foto** van die span of van individuele spanlede en plaas dit in 'n sirkel, op 'n prominente plek in die spankamer, om die span as 'n eenheid voor te stel.
  - ❖ Maak handafdrukke van elke spanlid se regterhand en plak dit rondom die sirkel met hulle foto's.
  - ❖ Trap op swart verf, dan op koerantpapier en sodra dit droog is, knip uit en teken gesiggies met wit verf daarop. Plak dit ook sommer by die foto's en handafdrukke.
- Laat die span in 'n sirkel sit. Een spanlid neem die punt van 'n tou en gee die bol aan 'n ander lid min of meer oorkant hom. Hy hou dan die tou vas sodat dit styf span vanaf die vorige punt en gee die tou verder aan. So hou hulle aan totdat elke spanlid die tou vashou. Dit vorm 'n ster. Laat een spanlid nou sy deel van die tou los en die ster breek op. Verduidelik aan die span dat elkeen in die span belangrik is en dat as een nie sy kant bring nie, breek die span op.
- 'n Groot foto kan van die groepie geneem word - selfs opgeblaas word en dan in legkaartstukke gesny word. Die span bou saam daaraan om sodoende 'n eenheid te bereik.
- Hou 'n spanpraatjie om elke spanlid se posisie in die span te bespreek. Verkieklik word geen spanleier op hierdie stadium aangewys nie.

## 2 SPANNAAM

- Bekom 'n mooi tekening van die spanembleem en maak 'n afdruk vir elke spanlid.
- Gesels met die kinders oor die mooi eienskappe van die betrokke spanembleem.
- Gebruik hierdie positiewe eienskappe om die span tot korrekte optrede te motiveer. Byvoorbeeld: Eekhorings is spaarsamig, Dolfyne is vriendelik en mensliewend.

## 3 SANG EN SPELE

- Sang en spele vorm op hierdie ouderdom 'n baie belangrike gedeelte van die weeklikse program.
- Liedjies en speletjies kan gebruik word om die kennis wat opgedoen word, vas te lê.
- By die Voortrekkerdepot is CD's van die Voortrekker sangbundels beskikbaar.
- CD's van Carika Keuzenkamp en Francois en Elizabeth Fourie, kan dalk ook help.
- Die kinders moet **drie** speletjies aanleer. Inligting kan in die *Ondersteuningsboek vir Penkop- en Drawwertjieoffisiere* gekry word.
- Hierdie jaar moet die kinders **twee** godsdienstige Afrikaanse liedjies en **drie** ander Afrikaanse liedjies aanleer.

## 4 KAMPERING

- Die opgewondenheid sal baie groot wees totdat dit donker word.
- Moet dus nie die eerste kampervaring ver buite bereik van 'n huis en die ouers hou nie.
- 'n Tent in u tuin sal meer as voldoende wees. Die tent moet reeds opgeslaan wees wanneer die kinders aankom. Hulle taak is net om hulle slaapplek in te rig.
- Om die aand 'n worsie te braai en stokbrood te maak sal net die kersie op die koek wees.

## 5 HANDWERK

- Handwerk is ook 'n baie nuttige en belangrike deel van u program. Dit kan gebruik word vir vaslegging van werk wat u behandel het, bloot as ontspanning of 'n vuller in die program.
- Onder die opskrif MY SPAN het u reeds al heelwat handwerk met hulle gedoen en ons vertrou dat dit groot pret was.

Inligting oor al die bogenoemde sal u ook in die *Ondersteuningsboek vir Penkop- en Drawwertjie Offisiere* vind.

## EK AS AFRIKANER

### DOEL:

Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die mees elementêre eienskappe van 'n Afrikaner, naamlik sy taal, godsdiens en geskiedenis.

### INHOUD:

- 1 My Taal
  - 2 My Godsdiens
  - 3 My Geskiedenis
- 

## 1 MY TAAL

Ons taal is seker ons belangrikste uitkenning as Afrikaner. Trots vir sy taal sal ook trots vir sy volk verseker.

- Gesels met die kinders oor die prent in hulle werkboek en sorg dat die korrekte Afrikaanse woorde gebruik word.
- Laat die kinders die woord “Afrikaans” in hulle werkboek met 'n gekleurde pen oor skryf.
- Leer 'n Afrikaanse gediggie en liedjie aan.

## 2 MY GODSDIENS

Verduidelik aan die kinders dat ons glo dat Jesus vir ons sonde gesterf het en weer opgestaan het. Hy is nou by God die Vader, besig om vir ons plek te berei en sal ons eendag kom haal.

- Godsdiens behoort by elke byeenkoms, tydens opening en afsluiting, aangeraak te word.
- Ons beleef elke oomblik ons Godsdiens in die skepping. Plant, dier, lug, see, land en ook ons gesin en maats. Leer die kind om hierdie dinge te herken en te erken.
- Leer Johannes 3 vers 16.
- Woon saam met die kommando 'n kerkdien by.
- Skryf 'n spangebied, maak 'n afdruk vir elke spanlid en plak dit in die werkboek.

## 3 MY GESKIEDENIS

U het 'n wonderlike geleentheid om ons volk se storie te vertel. Hierdie ouderdom kind het geen bagasie oor sy volk se verlede nie.

- Gesels oor die speelgoed waarmee die kinders tydens die Groot Trek gespeel het.
- In die kind se Werkboek is 'n prent van 'n klei-os en 'n lappop. Laat die kinders osse maak van gewone speelklei of “soutklei.”
- Vind uit of daar dalk 'n ma, ouma of tante is wat bereid is om vir die dogtertjies lappoppe te maak.
- Dit kan groot pret wees om self stokpoppe te maak.
- Kyk of julle genoeg dolosse (wanneer jy 'n skaapboud gaarmaak) bymekaar kan maak om 'n span van 16 “trekosse” vol te maak.
- Vergelyk hierdie speelgoed met die huidige speelgoed en bespreek die verskil.

## EK AS LANDSBURGER

### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van sy/haar identiteit as landsburger asook bekend te stel aan die Nasionale vlag.
2. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die verskillende volke in ons land.

### INHOUD:

- 1 Die Nasionale vlag
  - 2 My land se mense
- 

## 1 DIE NASIONALE VLAG

Kinders hou daarvan om “self” dinge te doen. Skep die volgende geleenthede.

- Om ‘n regte Nasionale vlag te hanteer.
- Om ‘n vlagseremonie saam met die kommando by te woon.
- Vra die kommando om ‘n skaalmodel van die vlagpale en vlag en laat die kinders hulle eie seremonie hou. Blootstelling is belangriker as korrektheid.
- Identifiseer en benoem die kleure wat in ons Nasionale vlag voorkom.
- Laat hulle die prent in die werkboek inkleur.

## 2 ONS LAND SE MENSE

Gesels met die kinders oor die volgende:

- In ons land bly baie verskillende groepe mense, elk met sy eie gebruike en gewoontes. Noem enkele.
- Dit is ons almal se land en ons moet leer om mekaar te verstaan en te verdra al verskil ons.
- Daar is Blankes, Swart mense, Kleurlinge en Indiërs. Die klem moet hier val op die feit dat God ons almal gemaak het en dat elke groep uniek is.



## PROJEKTE

### 1 PAASFEES

#### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die ware betekenis van Paasfees, naamlik dat Jesus vir ons sonde gekruisig is, maar weer opgestaan het en na die hemel opgevaar het.

---

Vertel aan die kinders van Jesus se kruisiging en opstanding.

- Gee die kinders die geleentheid om die gebeure van Jesus se sterwe en opstanding te dramatiseer. Voorsien hulle van eenvoudige hulpmiddels soos handdoeke en serpe om om hulle koppe te bind.
- Kleur die prent in die werkboek in.
- Leer Mattheus 28: 5 en 6.
- Verduidelik aan die kinders waar paaseiers vandaan kom, (oorspronklik was dit versierde hoendereiers wat nuwe lewe simboliseer) maar moenie te veel klem hierop lê nie.

### 2 TAKE TUIS

#### DOEL

- 1 Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van sy rol binne die gesin.
  - 2 Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak dat hy sekere ononderhandelbare pligte het.
  - 3 Om die Penkop en Drawwertjie te motiveer tot dienslewering.
- 

Teken vooraf die buitelyne van 'n gesin op 'n groot vel ongedrukte koerantpapier. Gee die kind geleentheid om prente uit te knip van die take van die verskillende gesinslede en plak dit in die buitelyne.

Gesels oor die rolle van elke lid van die gesin.

- Gebruik rolspel om die kind te lei tot identifisering van die gevolge as elke lid van die gesin nie sy betrokke taak vervul nie.
- Verduidelik aan die kind dat elke lid van die gesin sekere ononderhandelbare pligte het maar dat daar ook ander pligte is wat ons doen om mekaar te help.
- Kleur die prente in die werkboek in.
- Moedig die kinders aan om die komende week iets eksta by die huis te doen en daarvan te kom vertel.

### 3 BOOMPLANT

#### DOEL

1. Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van ons Bybelse opdrag van bewaring.
2. Om aan die Penkop en Drawwertjie 'n liefde vir die natuur te leer.

---

Aangesien die derde kwartaal hoofsaaklik oor die natuur en bewaring handel, is die projek vir die kwartaal dan ook 'n boomplantgeleentheid.

- Plant 'n boom by die spangronde, kerk, skool of kampterrein.
- Beplan deeglik en sorg dat elke kind 'n taak het.
- Wys met prente of 'n besoek aan die kwekery, hoe die boom gaan lyk en waarom u daardie spesifieke boom gekies het.
- Nooi gerus die ouers om die geleentheid by te woon.

### 4 KERSFEES

#### DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie bewus te maak van die ware betekenis van Kersfees, naamlik dat Jesus as 'n mens op die aarde kom woon het om ons sondes weg te neem.

- 
- Lees die kersverhaal aan die kinders voor.
  - Kleur die prent in die werkboek in.
  - Maak 'n eenvoudige kerstoneel uit soutklei.
  - Oefen die kersverhaal met die kinders (onthou dat elkeen 'n rol moet speel). Dit kan dan tydens die kommando- of spanafsluiting opgevoer word.
  - Leer Lukas 2:12 aan.
  - Lok 'n debat uit oor die gee van geskenke met vrae soos: "Hoekom kry ons geskenke met Kersfees?", "Gee julle ook geskenke of kry julle net?", "Is dit beter om groot geskenke te kry?"

Verseker dat die kind verstaan dat dit nie belangrik is om groot geskenke te kry nie, maar om ook vir mekaar iets te gee.

**Jesus het Sy lewe vir ons gegee  
en uit dankbaarheid daarvoor leef ons  
volgens Sy voorskrifte in die Bybel.**

## BONUS BEDRYWE VIR BESIGE BUKSIES

Hierdie “bonus bedrywe” is presies wat dit sê. Opsioneel.

### BLARE

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Minstens 3 verskillende tipes blare kan herken.
2. Blare bymekaar hark en in ‘n sak gooi.
3. Tuingereedskap skoonmaak en bêre.
4. Tuinvullis in die drom gooi en weet dat dit na ‘n stortingsterrein geneem word.



### DRUPPELS

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet dat hy nie sonder toesig mag gaan swem nie.
2. Onder toesig, sonder vrees in die swembad rondbeweeg.
3. Vyf meter met of sonder “vlerkies” kan swem.
4. Weet wat die gevare van hardloop rondom die swembad is.



### EINA

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet hoe om bloed te stop wanneer hy geval het.
2. Die wond met water kan skoonmaak.
3. Weet dat kinders nie self pille of medisyne mag neem nie.
4. ‘n Boodskap kan oordra wanneer ‘n maat seergekry het.



### VONKIES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet waarom ‘n vuur nie enige plek gemaak mag word nie.
2. Weet hoe om ‘n vuurtjie aan te pak.
3. Weet hoe om ‘n vuur veilig aan te steek.
4. Die gevare van vuurmaak besef.
5. ‘n Malvalekker oor ‘n kers braai.



### WIKKEL

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Drie meter op een beentjie kan spring.
2. Tien meter op ‘n gelyk oppervlakte kan hardloop.
3. In ‘n boom of op ‘n klimraam kan rondklouter.
4. Bollamakiesie kan slaan.
5. Aan sakresies deelneem.

